

## Gemeentebrief November 2021

### MISKRUIERS VAN DIE STAD

Ek ry nou die dag in my nou straatjie af op pad om inkopies te doen. In een rit, tel ek ten minste vier karretjie-mense – dis wat ek en my gesin die mans noem wat met hul groot oorlaade sakke op trollies deur die verkeer beur. Hulle is soms 'n irritasie want ek moet eers wag tot die karre van voor af verby is, voordat ek kan verbyskuur met my motor. Ander kere dink ek aan hulle as die stad se miskruiers – altyd besig om hul bolsakke verder vol te stop met ons afval. En dan het ek weer waardering vir en deernis met hulle. Waarheen trek of stoot hulle daardie bol mis vandag?

In kerkkringe word daar dikwels gepraat van "verbuikerskultuur" – 'n term wat veral gewild geraak het in die middel 90's. Gewoonlik verwys dit na die moderne mens se geneigdheid om vraatsugtig net na hul eie behoeftes om te sien en amper aan kerk te dink soos wanneer jy inkopies doen – en ja, dan sommer net so hard te kla, soos 'n verbruiker wat nie hiermee of daarmee tevrede is nie. As mens vinnig daaroor dink, klink dit nie of dit sleg is nie. Dis immers jou reg om te kla. Maar wat boet mens in wanneer jy so 'n verbuikerskultuur in stand hou? Waardes soos nederigheid en dankbaarheid word dikwels agterweë gelaat want die hier en nou se lekker is al wat saak maak. 'n Ontevrede verbruiker neem eenvoudig sy/haar besigheid na die volgende winkel of kerk wat beter aan sy/haar behoeftes voldoen. Hierdie gemeente en kerk, word die volgende stukkie afval, gereed vir weggooi in 'n miskruier se bol vol rommel.

'n Beter manier van doen sou eerder wees om dinge te herwin, om dit reg te maak en te herbruik, om dit nuwe lewe te gee en waarde toe te voeg. Ons kan eintlik by hierdie karretjie-mense iets leer hiervan en dit toepas in ander dele van ons lewens. In plaas daarvan om iets of iemand net weg te gooi en aan te beweeg na die volgende beter of lekkerder ding, probeer 'n slag herwin, regmaak, herbruik en waarde toevoeg daar waar jy vandag leef, werk en speel. Dis tog hoekom ons bestaan as kerk en mense van die kerk. Ons geneigdheid om eerder te kla as om te probeer saamwerk en oplos, dra by tot groter bolle rommel in ons samelewning. Ons missionale credo sê dan huis:

*God, die Vader, Seun en Heilige Gees, is besig om God se wêreld nuut te maak. God red ons, versoen ons met Hom, en roep ons om saam met God hieraan mee te werk. Daardeur word ons draers van liefde, vreugde, vrede, hoop, genesing, redding, versoening en geregtigheid. Dit is die getuienis van die evangelie van Jesus Christus. Hierdie roeping bind ons saam as God se kerk in sy wêreld.*

Mag ons in hierdie tyd van voorbereiding vir Kersfees, nie net nog koop en verbuik wat more se afval meer maak nie. Mag ons eerder kyk waar ons kan help om reg te maak, te herbruik, en waarde toe te voeg. Nie net met verbuikersitems nie, maar ook met ons gemeente, gemeenskap en verhoudings. Mag ons miskruiers word in die stad waarbinne ons leef.

**Saret Britz**  
**Gemeentebestuurder**